



LAERSKOOL

*Durbanville*

PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan  
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue  
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

**ONTHOU !!!**

VERKIESING VAN **OUERS** VAN LEERDERS OM OP  
DIE **BEHEERLIGGAAM** TE DIEN.

**DATUM : 23 MAART 2021**  
**PLEK : JC SWART AKTIWITEITSENTRUM**

Omsendbrief 6/2021

25 Februarie 2021

Geagte Ouer

### SKAKELING TUSSEN OUERS EN SKOOL

Dit is vir die personeel van Laerskool Durbanville baie belangrik dat ouers ten alle tye ingelig sal wees aangaande aktiwiteite wat deur die skool aangebied word. Om dié rede is **kommunikasiekanale** van primêre belang.

Ons gee graag die volgende reëlins aan u deur:

1. **D6 CONNECT (Amptelike primêre platform)**

Die D6 CONNECT is 'n program wat u op u rekenaar, selfoon of beide kan installeer om sodoende elke dag die nuutste inligting en nuus van die skool te ontvang. Dit is 'n gerieflike en vinnige manier van kommunikasie. Inligting wat hierop sal verskyn is: die jaarkalender, omsendbriewe, belangrike inligting, gebeurtenisse, sportuitslae, kultuurprestasies, ens.

Een van die eerste stappe wanneer u die program installeer is om u D6 Connect te verpersoonlik. U gaan slegs die inligting ontvang waarin u belangstel en wat op u kind/ers van toepassing is. Onthou dus asseblief om te "KOPPEL" aan u kind/ers.



**Leendert Hols Snr | 082 650 1848**

**Leendert Hols Jnr | 079 544 0292**



021 975 3188  
43 Main Road, Durbanville, 7550.  
www.rigroup.co.za

U kan die D6 Connect aflaai by:

<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.limitlessvirtual.principalplus>

of

<https://itunes.apple.com/za/app/principal-talk+/id1133074303>



**Bogenoemde is ons hoofmedium van kommunikasie met ouers en daarom wil ons u aanmoedig om die toep op u selfoon te installeer om sodoende te verseker dat u nie enige nuus of inligting misloop nie.**

**Van ons ouergemeenskap het reeds die D6 Connect in 2020 suksesvol gebruik en ons versoek dat u ons asb. in hierdie poging ondersteun om elke ouer geregistreer te kry.**

Graag wil ons ook ouers aanmoedig om ons webblad ([www.durbieland.com](http://www.durbieland.com)) as verdere inligtings-bron te gebruik.

### **FINANSIES OP D6 CONNECT**

Die volledige finansiële funksie is nou op D6 Connect beskikbaar om betalings ten opsigte van skoolfoeie en projekte soos bv. nasorg, kuns, musiek, tennis, vakansiekompetisie en snoepwinkelbandjies te maak. Ouers kan fondse oorbetal na hul kontantlose beursie op D6, van waar hul dan alle betalings aan die skool kan maak.

Indien u problem ondervind met D6-kontantlose beursie, kan u kontak maak by [support@sticitt.co.za](mailto:support@sticitt.co.za) of (021) 300 4743.

### **2. OMSENBRIEWE**

Omsendbriewe word per D6 aan ouers gestuur. Alle omsendbriewe word nie per harde kopie versprei nie, slegs indien die inhoud van die brief dit noodsaak. Byvoorbeeld wanneer u 'n antwoordstrokie moet voltooi en terugstuur. Ons versoek u vriendelik **om dit asseblief volledig te voltooi en betyds na die skool (klasonderwyser) terug te stuur.** Let ook op die **“Geen terugvoer per e-pos sal aanvaar word nie”.**

Dit is raadsaam om die omsendbriewe digitaal te bewaar, aangesien sommige briewe betrekking het op aktiwiteite wat oor 'n lang tydperk plaasvind.

In die “Ons Eie”-huiswerkboek is daar onderaan die spesifieke dag waarop die omsendbrief uitgestuur is, 'n blokkie waarin u asseblief moet teken, as bewys dat u die omsendbrief gelees het.

*“Be green, choose the screen”...* in die gees van bewaring van ons planeet maak Durbieland ook gebruik van elektroniese opsies as medium vir kommunikasie tussen ouers en skool. **Ons voorkeurproduk, soos reeds genoem (punt 1), is die D6 CONNECT** wat geen bekendstelling meer onder ons ouers nodig het nie en ook deur meeste suksesvol gebruik word.

### **3. STROOIBILJETTE**

Alhoewel daar nie vir die biljette geteken word nie, is dit 'n ewe belangrike kommunikasiemedium en sal ons dit waardeer indien u daarop ag sal slaan. Dit dien meestal om **u op kort kennisgewing te herinner** aan aangeleenthede rakende die skool wat binne 'n dag of twee sal plaasvind. Daar sal 'n kennisgewing van die strooibiljet op D6 verskyn.

#### 4. TELEFONIESE KONTAK

U is baie welkom om telefonies met die onderwysers kontak te maak gedurende pouses (10:47 - 11:07 en 12:59 - 13:14) en na skool. Gedurende hierdie tye is die telefoonlyne soms almal beset omdat daar dan baie oproepe na die skool gemaak word. U kan egter enige tyd van die dag 'n **boodskap met 'n kontaknommer by ontvangs laat**. Die betrokke onderwyser/es sal u so spoedig moontlik terugskakel om aan die saak aandag te gee. U moet egter daarop let dat onderwysers nie tydens klastye kan skakel nie. Nie alle kollegas het vryperiodes elke dag nie. Wees dus asseblief geduldig. Indien daar 'n verandering in die sportprogram gemaak word (bv. a.g.v. slegte weer ens.), sal die ouers per D6 en SMS in kennis gestel word.

#### 5. SKAKELING INSAKE DISSIPLINÊRE- EN AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

U kan met die graadhoof skakel insake **akademiese aangeleenthede**. Die graadhoofde is:

Graad 4: Mev. Louise Aucamp  
Graad 5: Mej. Delani Zwiendelaar  
Graad 6: Mev. Hannelise Fabel  
Graad 7: Mev. Hettie Smit  
Departementshoof kurrikulum: Mev. E. Saayman  
Adjunkhoof kurrikulum: Mev. L. Jacobs

Die graad vergader weekliks. U sal dus voortspruitend uit hierdie vergadering ingelig word indien daar op dissiplinêre gebied probleme by u kind bespeur word.

#### 6. ELEKTRONIESE BOODSKAPPE

- Dringende e-posse insake leerders (bv. siekte/afwesigheid) moet gestuur word na [reception@durbieland.com](mailto:reception@durbieland.com). Dui aan by "Subject" dat dit 'n dringende leerderaangeleentheid is, asook in watter graad die betrokke leerder is. Die sekretaresse sal dan die leerkrag dienoooreenkomstig inlig.
- Alle ander e-posse aan die skool of onderwysers rakende leerdersake het 'n minimum reaksietyd van 24 uur.
- Leerkragte kan nie gedurende die skooldag elektroniese kommunikasie hanteer nie, aangesien dit inbreuk maak op onderrigtyd.

#### 7. ALGEMENE INLIGTING AANGAANDE VEILIGHEID VAN LEERDERS (Belangrik)

Graag wil ons die maatreëls deurgee met betrekking tot die algemene veiligheid van u kind by die skool. Ons doen 'n ernstige beroep op u om uself, en alle ander moontlike rolspelers, van die volgende maatreëls te vergewis.

##### 7.1 VEILIGHEID EN VOORKOMENDE MAATREËLS VAN LEERDERS VOOR, TYDENS EN NA SKOOL

###### VOOR SKOOL

- Die skool sal slegs vanaf 07:00 soggens vir leerders toeganklik wees.
- Alle leerders wat tussen 07:00 en 07:30 gaan deur die skool se toetsstasies beweeg na 'n amptelike wagarea. Daar sal vanaf 07:00 soggens personeellede aan diens wees by die wagarea.
- Indien dit soggens donker is, sal die **kolligte** aangeskakel word om die area tussen die hoofingang en die skoolgebou te verlig.
- Een van die skool se werkers, met uitkenbare drag aan, **moniteer soggens die duikweg vanaf 07:00 tot 08:00**.
- Om 07:30 lui daar weer 'n kort klok om die personeel wat terreindiens doen te aktiveer. Onderwysers sal soggens diens op die speelgrond doen vanaf 07:30. Leerders beweeg dus om 07:30 vanaf die wagarea na hul onderskeie speelgronde.
- 'n Terreinwerker van Laerskool Durbanville sal voor skool vanaf 07:00 tot 08:00 die area tussen die Voorbereidingskool en Laerskool (langs die begraafplaas) inspekteer vir enige moontlike gevaar wat daardie roete vir leerders mag inhou.

- Laerskool Durbanville se skooldag neem elke dag om 07:50 in aanvang en leerders tree aan na die klok gelui het. 'n Tweede klok lui om 07:52 wat aandui dat leerders na hul klasse moet beweeg. Ouers word daarop gewys dat die klok elektronies ingestel is en dat die akkuraatheid deur die kragvoorsiening beïnvloed kan word.
- Leerders wat "laat" kom vir skool is verplig, volgens voorskrif, om eers by ontvangs aan te meld alvorens hul na hul klasse kan beweeg.

#### TYDENS SKOOLURE: BEHEERDE TOEGANG

- Slegs die hoofhek sal toegang tot die skool verleen tussen 07:50 en 15:30.
- Ter wille van veiligheid vir leerders en die personeel, is bogenoemde beheerde toegang.
- COVID -19 protokol dikteer dat geen ouers die skoolgronde mag betree sonder vooraf reëlings met die skool nie.
- Die klokke kan gedruk word waarna 'n sekretaresse u sal inlaat.
- **U word verplig om te alle tye by ontvangs aan te meld.**
- **Geen besoeker mag in die skool rondbeweeg sonder 'n amptelike besoekerskaartjie/plakker wat by ontvangs uitgereik word nie.**
- Indien 'n leerder saam met 'n ouer die skool verlaat moet sodanige handeling in die registerboek by ontvangs aangeteken word.
- Indien u die terrein verlaat, druk u weer die klokke by die hek. Die sekretaresse sal u uitlaat.
- Vanaf 15:00 tot 20:30 sal die voetgangerhek (klein hekkie by hoofhek) u by die skool kan in- en uitlaat met die gebruik van die aangeduide knoppie. Na 20:30 sal die hek te alle tye toe wees en slegs geaktiveer kan word d.m.v. 'n afstandbeheer. Slegs die personeel en ander gemagtigde persone is in besit van bogenoemde afstandbehere.

#### NA SKOOL

- Die skooldag eindig amptelik om 14:10. Leerders verlaat die skool by die onderskeie hekke.
- Leerders kan Weyers- en Van der Byllaan kruis (via die duikweg) by die voortoegang met beheerde toesig wat voorsien word.
- Leerders wat Durbanweg wil kruis, moet dit slegs via die duikweg doen.
- Na skool: 14:10–14:20 is 'n amptelike wagarea vir leerders by Weyerslaan tussen die houtpalissades aan die sportterrein se kant. Toesig sal beskikbaar wees tot 14:20. **Na 14:20 is leerders die verantwoordelikheid van hul ouers.** Leerders wat betrokke is by buitemuurse aktiwiteite sal die verantwoordelikheid wees van afrigters/personeel vir die duur van die aktiwiteit. Tyd voorafgaande en na afloop van die aktiwiteite is die sorg van leerders die verantwoordelikheid van die ouers/voogde.
- 'n Terreinwerker van Laerskool Durbanville sal na skool die area tussen die Voorbereidingskool en Laerskool (langs die begraafplaas) inspekteer vir enige moontlike gevaar wat daardie roete vir leerders mag inhou.



#### 7.2 REËLINGS TEN OPSIGTE VAN SKOOLBEDRYWIGHEDE WAT LAAT KLAARMAAK

Met sport- en kultuurdeelname, is ons genoodsaak om sekere sportsoorte in sessies af te rig, wat meebring dat kinders soms tot redelik laat in die middag nog by die skool besig is. Indien leerders laat afgehaal word en alleen in Weyerslaan moet wag, stel ons voor dat hul liefs by die Nasorg wag (veral as dit skemer raak).

Die Nasorg word beman tot 17:30 en daar is altyd iemand in die omgewing. Let wel dat die Nasorg in die opslaangebou aan Durbanweg se kant (naby die duikweg) is. Indien die ouers, of die leerling se vervoer laat opdaag en die kind bekommerd of onrustig raak, geld die volgende reëlings:



- As dit voor 15:30 is en dis 'n noodgeval, kan die kind na die sekretaresse se kantoor gaan om daarvandaan te bel.
- As dit na 15:30 is mag hy/sy na die Nasorg gaan en die Nasorg-telefoon gebruik. Die Nasorg is oop tot 17:30.
- Ons herinner u dat die skoolgebou middae om **17:00 gesluit word (Vrydae om 16:00).**
- **Die duikweg sluit om 14:30.** Die nasorg hanteer na 14:30 beweging deur die duikweg ter wille van veiligheid. Leerders meld dus na 14:30 by die nasorg aan vir toegang tot die duikweg. **Geen leerder mag Durbanweg op 'n ander wyse kruis nie.**

Bostaande reëlings is noodmaatreëls indien daar 'n misverstand oor vervoerreëlings is, of omdat u as ouer deur onvoorsiene omstandighede, soos bv. 'n verkeersknoep, opgehou word.

Ons doen egter 'n dringende beroep op u om seker te maak dat u of u kind se geleentheid betyds sal wees, want die kinders raak baie gou bekommerd as hulle te lank moet wag. Geen kinders behoort na skool vir hul ouers te wag nie.

### 7.3 ALGEMENE REËLINGS: VEILIGHEID OP- EN AFLAAI

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring met betrekking tot bogenoemde:

- Leerders wat by die hoofhek afgelaai word (Weyerslaan) asook aan die begraafplaaskant van Van der Byllaan, mag slegs die pad kruis by die voetoorgang wat beman word deur 'n werker van die skool.
- Leerders wat by die hoofhek afgelaai word **maak gebruik van die voetgangerhek** aangrensend tot die voetoorgang en nie van die hoofhek (motorhek) nie.
- **Durbanweg mag onder geen omstandighede gekruis word deur leerders van die skool nie.** Die duikweg is daar gestel vir hul veilige beweging. Daar mag slegs van die duikweg gebruik gemaak word vir hierdie doel. Ons wil ten sterkste aanbeveel dat leerders nie Renbaanweg/Kerkstraat sonder toesig sal kruis nie. Indien hul wel Kerkstraat moet kruis, moet hul dit d.m.v. die voetoorgang doen en liefse onder volwasse toesig. Renbaanweg/Kerkstraat is tans 'n probleemarea. Weens die snelheid van motors asook gebrekkige sigbaarheid wil die verkeersdepartement geen beheerde oorgang toelaat nie. Die skool het tot op hede alle administratiewe en selfs politieke weë gevolg om 'n beheerde voetganger-verkeerslig daar te probeer stel. Die Kinderhuis ondersteun ons hierin en tans stel hulle van tyd tot tyd vrywilligers beskikbaar wat by die genoemde oorgang diens doen.
- **Ons versoek dat ouers, as motoriste, die padreëls om die skool streng nakom.** Ons verstaan die verkeersituasie het uitdagings, maar dis belangrik vir die veiligheid van ons leerders. U moet asseblief nie bakens wat uitgepak word verontagsaam of stilhou op sperstrepe nie (rooi en geel).

### 8. LEERDERS WAT ITEMS TUIS VERGEET

Graag wil ons 'n versoek aan u rig aangaande 'n saak wat probleme en ontwirgting in ons skoolstelsel veroorsaak.

Ons leerders is nog jonk en dit is menslik om iets tuis te vergeet. Ons leerdertal staan tans op ±1200, wat hierdie probleem vererger. Indien daar slegs 1 leerder per klas iets tuis vergeet, is daar 40 klasse wat ontwirg word omdat daardie leerder oor die interkom geroep moet word. 'n Groot probleem is ook leerders wat nie interne sportreëlins aan hul ouers deurgee of ouers wat dit nie lees nie. Daar word soms onnodige oproepe na die skool gemaak oor sake wat reeds op skrif of per D6 CONNECT deurgegee is.

Die volgende riglyne geld:

- Leerders moet saans hul skooltasse gereed hê vir die volgende dag en Gr. 6- en 7-leerders moet volgens hul rooster inpak.
- Maak seker watter ko-kurrikulêre aktiwiteite u kind na skool het en help hulle om hul sportsakke te pak. (Indien u kind per motor vervoer word, kan die tas en sportsak in die motor gesit word.)
- Raadpleeg daaglik die skool se D6-CONNECT om u self te vergewis van skoolaktiwiteite.
- Gaan die daaglikse roetine "mondelings" met u kind deur om seker te maak dat hy/sy die korrekte skooldrag of LO-drag dra.
- Voor kinders soggens die huis verlaat, verneem weer oor sekere items en veral hul pousekos, take, ens., want dit veroorsaak die meeste probleme.
- Hou 'n kalender/lêer/aansteekbord met al u kind se ko-kurrikulêre aktiwiteite by en raadpleeg dit daaglik.
- Indien daar 'n wedstryd of oefening is, praat met u kind en maak seker hy/sy weet dat hul 'n sekere tyd opgelaai sal word of met 'n geleentheid huis toe gaan. Sodoende voel hulle veilig en raak nie onnodig angstig nie.
- Onderteken die ruimte in die leerderboek as bewys dat u omsendbriewe en ander kommunikasie ontvang en gelees het.
- Geen leerder se ouers/voogde sal geskakel word indien hulle nie 'n toestemmingsbriefie van 'n onderwyser of afrigter het wat 'n telefoonoproep noodsaak nie.

Ons vertrou dat u die inhoud van die brief met die nodige erns sal hanteer. Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak in belang van almal se veiligheid by die skool.

Vriendelik die uwe



(Mnr.) T. Kriel  
**ADJUNKHOOF**



(Mnr.) P. Du Toit  
**SKOOLHOOF**

***DURBIES VIR ALTYD***

